

DIE KLEIN ROOI HENNETJIE SE VERHAAL

Eendag het 'n klein, rooi hennetjie in die grond geskrop en 'n paar koringkorrels oopgekrap.



Omdat die volstruis, olifant en die seekoei haar nie wou help nie, het sy dit self gedoen.



Dus het die klein hennetjie dit self gedoen. Nadat die hennetjie by die meulenaar was, het sy heerlike meel saamgebring.




Dus het die klein hennetjie dit self gedoen. Die klein hennetjie het toe 'n aantal heerlike brode gebak en laat afkoel.



Aldrie wou van Hennetjie se brood hê. Ja, hulle het daarop aangedring! Maar die hennetjie het gevoel sy het alleen gewerk en wou dit self eet.

Vervolg van p. 10



So het die drie tekere gegaan asof dit hulle reg was om die brood te eet.

Hulle het die arme ou hennetjie baie lelike woorde toegesnou!

Die ou hennetjie was baie harter en ongelukkig en het nooit weer brood gebak nie!

En almal het gewonder hoekom nie!

“Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel.

Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel.

Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal” (Handelinge 4:32-33).

Een van die mees opvallende eienskappe van die vroeë Kerk was hulle onderlinge mededeelsaamheid. Nie een van daardie Christene het gevoel dat hulle besittings net hulle eie was nie. Daarom het

hulle dit wat hulle gehad het, ook met ander gedeel. Op hierdie wyse het hulle ook na armes uitgereik en hulle gehelp. Hulle wou nie één broer of suster in die geloof laat swaarkry terwyl daar ander was wat oorvloed gehad het nie.

Hierdie mededeelsaamheid het egter voortgespruit uit die **geestelike eenheid en eensgesindheid wat daar onder daardie gelowiges was ten opsigte van hul toewyding, lojaliteit en liefde vir God en Sy Woord**. Die Kerk het bo die maat gegroei en gebloei as gevolg van hierdie geestelike eenheid en

samewerking.

Waar staan die Kerk vandag betreffende geestelike eenheid? Tref ons nog werklik eensgesindheid onder hedendaagse gelowiges aan? Trek die geestelike eenheid en die ruimhartige mededeelsaamheid van Christene wêreldling ná Christus toe, of stoot ons hulle af met ons verdeeldheid en onderlinge twisgesprekke?

En hoe voel ons oor ons besittings? Alles vir onself, of sien ons die behoeftes van ander mense raak én doen iets daaromtrent? Behoort ons nie daaraan te dink dat alles

wat ons het, tog maar van God afkomstig is en dat ons daarom ook ons besittings tot voordeel van ander moet gebruik nie?

In bostaande verhaal van die hennetjie is daar nie sprake van eenheid, ‘n goeie gesindheid, of samewerking nie. Gelowiges wil baie graag groei en geestelike vooruitgang sien, maar baie min is bereid om in eensgesindheid en nederigheid die moue op te rol en saam te werk daartoe! **Laat ons in opregte eenheid en eensgesindheid bou aan God se Koninkryk!**

- Redaksie